NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

2 Junie 2026

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Gemeentes
Ringskommissies

**OMSENDSKRYWE NR 23/2026**

Geagte broers en susters

## BEDIENINGSPLAN

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die aangehegte bedieningsplan uit 'n ring van die Kerk ontvang en geoordeel dat dit vir ander gemeentes en ringe 'n handige hulpmiddel kan wees. Dit is daarna geredigeer om verwysings na die betrokke ring van afkoms te verwyder.

Elke gemeente en ring wat hiervan wil gebruik maak, kan dit na gelang van hulle omstandighede en behoeftes aanpas. U mag oordeel dat sekere sake nie in u omstandighede toepaslik of van waarde is nie, of dat sake wat *nie* in hierdie bedieningsplan aan die orde kom nie, by u van groot belang is. In so 'n geval moet u asseblief die vrymoedigheid neem om die konsepdokument te verkort, uit te brei en aan te pas.

Hierdie dokument is nie 'n keurslyf vir die kerklike praktyk in elke gemeente nie en niemand is verplig om daarvan gebruik te maak nie. Die Kommissie van die AKV stel dit nogtans graag aan u beskikbaar as 'n instrument wat u dalk kan help om u bediening te beplan en die vordering of sukses daarvan deurlopend te monitor.

Beste wense,

Wouter van Wyk

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JM Bevolo-Manders***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za